



## Hoe verstaan ek God se besluite?

- Waarom die hartseer omdat pa en ma geskei het?
- Hoekom moes 'n jong babatjie in die bomontploffing haar oog verloor?
- Hy was so goed in atletiek. Waarom moes hy sy been in 'n motorfietsongeluk vergruis?
- Hoekom moet die kinders van die Here so swaarkry, terwyl ongelowige mense so lekker sonder probleme lewe? Bestaan God regtig? Hoekom laat Hy dit toe?

Dit is maar 'n paar van die 'waaroms' en die 'hoekoms' wat jongmense vra. Dit is moeilike vrae, maar ek wil jou help om tot 'n klein bietjie verstaan van God se besluite te kom.

### God het 'n raadsplan

Daar is baie mense wat glo dat alles wat met jou gebeur per toeval gebeur. Vir hulle is die lewe soos 'n dobbelsteen wat toevallig reg of toevallig verkeerd kan val. Ander glo weer dat daar blinde noodlotsmagte is waarteenoor jy magteloos staan. As bepaalde hartseer en teleurstelling jou tref, dan is dit die noodlot wat teen jou is.

Die Bybel leer egter dat niks per toeval of volgens die noodlot gebeur nie, maar dat alles in jou lewe deur God besluit en bepaal word. In Jesaja 45:6 en 7 sê God: "Ek is die Here, daar is geen ander nie. Ek maak die lig en skep die donker; Ek gee voorspoed en skep rampspoed. Ek is die Here, Ek doen al hierdie dinge". God is dus die Koning "wat alle dinge regeer en as Koning werk Hy volgens 'n plan". So sê God in Jesaja 46:10: "Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur..."

Omdat God die leisels van die wêreldgebeure en van jou lewe in sy hande het, kan Hy jou lewe soos 'n waterstroom lei soos Hy dit verkies (vgl. Spreuke 21:1). En daarom sê Jesus in Mattheüs 10:29, 30: "Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel".

Miskien wil jy op hierdie stadium vra: Maar hoe rym die sonde wat gedoen word en al die swaarkry in die lewe dan met die gedagte dat God alles beskik? Ons moet dit so verstaan dat God nie Self die oorsaak van sonde en swaarkry is nie, want Hyself kan geen kwaad en sonde doen nie. Die mens het deur die sondeval die sonde in die wêreld gebring en daarmee saam ook die hartseer gevolge van die sonde soos siekte, dood en allerlei swaarkry. Maar God is die Koning wat steeds oor alles regeer — ook oor die sonde en die kwaad. As Koning laat Hy dit toe dat bepaalde swaarkry en sonde oor ons lewenspad kom. Maar as Koning sal Hy nie toelaat dat ons bo ons kragte geteister word nie.

### God is onbegryplik

Ons sal die besluite en werkswyse van God met ons menslike verstand nooit begryp nie, want: "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes" (Jesaja 55:8, 9). Nadat Paulus oor die oordeel en genade van God in die lewe van die volk Israel geskryf het, eindig hy met hierdie uitroep wat die onbegryplikheid van God se optrede benadruk: "O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!" (Romeine 11:33)

In die boek Job gaan dit veral oor die stryd van Job en sy vriende om te probeer verstaan waarom God al die lyding oor Job gebring het. Na 'n lang worsteling en baie gesprekke om te probeer verstaan, het hulle nog geen antwoorde gekry nie. Dit is dan dat God Job as't ware aan die hand vat en aan hom sy onpeilbare wysheid en almag in sy skeppingswerk wys. Job besef opnuut weer dat God in sy grootheid en heerlikheid onbegryplik is, daarom sê hy: "Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: U wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie" (Job 42:3).

Op al jou vroe en worsteling sal God nie aan jou antwoorde gee nie, want jy kan dit nie verstaan nie. Hy sal wel aan jou vrede en berusting gee met die troos dat Hy jou Vader is wat met wysheid regeer en nooit 'n fout maak nie.

## **God stoot jou nie weg nie**

Wanneer jy teleurstellings, hartseer en swaarkry beleef, kan dit gebeur dat jy daarvoor wonder of God jou dan nie meer liefhet nie. Nee, dit is juis die teendeel. Jou swaarkry is nie 'n bewys dat God jou vergeet het nie, maar dat Hy jou juis liefhet. God stoot jou nie weg nie, maar Hy is met jou besig. En wat is die doel van sy besig wees met jou?

Die Bybel sê op talle plekke dat God in jou 'n bepaalde vrug wil bewerk (vgl. Romeine 5:3-5; 2 Korinthiërs 4:16; Hebreërs 12:11; Jakobus 1:2-4). Kom ek noem slegs twee van hierdie vrugte:

- In Hebreërs 12:4-12 word na God wat ons as sy kinders tugtig, verwys. Dit mag dus wees. dat God jou met 'n bepaalde beproewing wil tug, omdat jy op die pad van die geloof en gehoorsaamheid begin uitsak het. En God se tugging is nooit 'n wegstoot nie, maar 'n nadertrek. Hy doen dit omdat Hy jou liefhet en daarmee wil Hy jou tereg wys en opvoed en aanmoedig.
- Die apostel Paulus het ook 'n worsteling met 'n bepaalde siekte gehad. In 2 Korinthiërs 12:7-10 vertel hy ons daarvan. Hy noem dit 'n doring in die vlees. As antwoord op Paulus se gebed sê die Here: "My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is". God kan dus beproewinge gebruik om ons innerlik leeg te maak. Want as ons leeg is van ons eie menslike krag en oordadige selfvertroue, dan kan God se krag in ons tot volle werking kom.

## **Kyk dieper en verder**

Wanneer jy bepaalde beproewinge beleef soos die dood van 'n geliefde, siekte of teleurstellings, is 'n mens geneig om jou kop in te trek en jou teen die omstandighede en feite blind te staar. Maar om met kortsigtigheid jouself toe te skulp, gaan geen vrede vir jou bied nie. Dit is juis in 'n tyd van beproewinge dat jy dit wat jy nog altyd as 'n gelowige bely het met krag moet beleef. En dit beteken dat jy dit wat met jou gebeur het nie net feitlik moet verwerk nie, maar veral geestelik moet beoordeel.

Die profeet Elia het eenmaal moedeloos onder 'n besembos gaan lê met die wens dat hy tog maar moet sterwe (vgl. 1 Konings 19:1-18). Dit het vir hom gevoel of alles teen hom is. Sy werk as profeet het misluk en die Israeliete is in opstand teen God. Net hy het alleen oorgebly en nou wil Isebel hom ook nog doodmaak. In sy moedeloosheid het Elia vergeet om dieper en verder te kyk. As hy dit sou gedoen het, sou hy onthou het hoe God net 'n paar dae tevore sy krag op die berg Karmel getoon het (hfst. 18). Later help God hom om weer dieper te kyk as God sy aandag daarop vestig dat hy nie alleen is nie, maar dat daar nog duisendes is wat God nie verloën het nie (1 Korinthiërs 19:18).

Paulus was in die tronk van Filippi en dit nadat hy dié dag sonder vrees tot eer van God opgetree het (Handelinge 16:16-25). So maklik kon Paulus opstandig teenoor die Here gevoel het, omdat hy nou straf moet verduur terwyl hy daardie dag vir die eer van God opgekom het. Maar Paulus kyk nie teen sy omstandighede vas nie en hy staar hom nie blind teen die tronkmure nie. Al verstaan hy nie waarom hy in die tronk is nie, kyk hy dieper en bly hy aan God vashou met die vertroue dat God as wyse God weet wat Hy doen. Daarom sing hy in die tronk lofliedere en nie klaagliedere nie. Deur dieper en verder te kyk het Paulus sekerlik besef dat hy 'n hemelse Vader het wat weet wat

hy alles nodig het (Matthéüs 6:32) en dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet (Romeine 8:28).

### **So 'n klein bietjie verstaan**

Verstaan jy nou die besluite van God en hoekom sekere dinge dan met jou gebeur? Jy kan net een antwoord gee en dit is: Nee, ek verstaan nie alles nie. Wees bly dat jy nie alles kan verstaan nie. Want as jy God se werkswyse sou verstaan het, was God nie waarlik God nie. God is anders. God is hoog verhewe. Hy kan nooit deur jou verstand ontleed word nie.

Ek vertrou dat jy jou swaarkry en hartseer met God se genade sal oorwin sodat jy ook kan sê:

*Dat U my verdruk het, Here,  
dit was enkel goed vir my,  
want daardeur het U my dieper  
in u kennis ingelei.*

Ps 119:25 (ber.).

Kobus van der Walt

© 2016  
[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)